- (a) Die skepping van 'n Metroveiligheidswag vir die pendeldiens. Daar word beoog dat die wag uiteindelik uit 4 500 lede sal bestaan. Die Veiligheidswag sal in fases geskep word. Dit het in Januarie 1993 met ongeveer 120 lede begin. Op 31 Maart 1993 sal daar na verwagting 372 lede wees. Gedurende die 1993/94 finansiële jaar sal 2 000 bykomende lede bygevoeg word. Daar word verwag dat die Metroveiligheidswag teen 31 Maart 1995 uit ongeveer 4 500 lede sal bestaan. Die infasering sal in Suid-Transvaal begin en uitbrei na die ander streke ooreenkomstig hulle behoeftes. Gedurende die stigtingsproses van hierdie wag sal die SAP sy huidige rol voortsit. Die Komitee is meegedeel dat die nodige fondse beskikbaar gestel sal word. Die Komitee is ook meegedeel dat die ANC, COSATU en die SAKP nie ten gunste van die Metroveiligheidswag is

nie. Hulle voer aan dat openbare veiligheid die verantwoordelikheid van 'n "Nasionale Polisiemag" is. Die Komitee se tussentydse bevinding was dat dit onwenslik is dat die SAP toegangspunte tot stasies moet bewaak. Dit is 'n funksie van die SASPK om sodanige toegang te beheer. 'n Groot aantal polisiebeamptes sou nodig wees om spoorwegtoegangspunte te bewaak. Soos hierbo vermeld, het die SASPK 'n mag van 4 500 in die vooruitsig gestel. Die SAP kan nie soveel polisiemanne verskaf nie. Daar word van polisiebeamptes verwag om wet en orde op spoorwegpersele in die geheel te handhaaf en nie om by die hekke te staan nie. Die Komitee se aanbeveling dat die plaaslike gemeenskap by die stelsel betrokke moet raak, behoort die Metroveiligheidswagte aanvaarbaar te maak en die sukses daarvan te verseker. Plaaslike gemeenskappe moet bewus gemaak word daarvan dat die wagte vir hulle veiligheid daar is.

- (b) Op 23 November 1992 het die SASPK veiligheidsmaatreëls aangekondig wat ooreenstem met die toepaslike aanbevelings van die Goldstone-kommissie. Hierdie maatreëls, wat in die vorm van 'n prototipe is, is toonbeelde van moderne tegnologie in treinveiligheid. Dit sluit in 'n videowaarnemingstelsel, wat vir die eerste keer in die wêreld vir dié doel gebruik word. Die volgende veiligheidseienskappe is vir evaluerings- en toetsdoeleindes geïnstalleer:

- (i) 'n Verbeterde deurbeheerstelsel wat die volgende insluit: alarms om die passasiers van deurbewegings in kennis te stel, slotte wat verhoed dat

deure deur ongemagtigde persone oopgemaak word en noodknoppies om treinpersoneel van probleme in kennis te stel. Wanneer die trein in beweging is, sal dit nie moontlik wees om die deure meer as 'n derde oop te maak nie, wat dit moeilik maak om mense uit te gooi.

- (ii) Nuwe skotvensters is geïnstalleer. Dié vensters kan nie groot oopgemaak word nie, wat verhoed dat mense uitgegooi word. Onbreekbare polikarbonaatruite word geïnstalleer en die venster in sy geheel is "vandalbestand". Altesaam 25 treinstelle sal teen April 1993 met die nuwe vensters toegerus wees.
- (iii) Die waens is toegerus met breër verbindingsdeure en die ruimte tussen die waens word ingesluit deur 'n portaal wat vrye en veilige toegang van een wa na 'n ander moontlik maak vir patrollerende veiligheidspersoneel of selfs vir pendelaars indien dit nodig sou wees. Teen die einde van die finansiële jaar sal die verbindingsdeure van 22 treinstelle wat in Suid-Transvaal in bedryf is, oop wees. Die vernaamste rede waarom die verbindingsdeure toegemaak is, was omdat die deure en die veiligheidsrelings verwyder en gevandaliseer is, wat 'n onveilige situasie geskep het.

(iv) 'n Geïntegreerde kommunikasiestelsel is geïnstalleer, wat kommunikasie tussen die treinpersoneel, tussen die wag en die pendelaars, die wag en die drywer, en die drywer en bedryfsbeheer sal vergemaklik. Die trein word ook toegerus met 'n radio-ontvanger sodat radioprogramme dwarsdeur die trein uitgesaai kan word of opgeneemde musiek tussen aankondigings gespeel kan word.

(v) Die trein word ook toegerus met 'n waarnemingstelsel wat van miniatuurvideokameras gebruik maak om gebeure wat binne asook buite die trein plaasvind, waar te neem en op te neem. Die kameras word versteek en teen vandalisme beskerm. Die stelsel word aan die alarmstelsel gekoppel sodat noodsituasies onmiddellik gemonitor en opgeneem kan word. Die stelsel sal beheer word vanuit 'n aparte kompartement binne die trein, wat nie vir pendelaars toeganklik is nie. 'n Nuwigheid ten opsigte van hierdie stelsel is dat die videoseine tussen die waens deur middel van infrarooi-impulse oorgedra word.

Die waarnemingstelsel word getoets om die doeltreffendheid daarvan te bepaal en 'n besluit sal op hierdie evaluering gegrond moet word, met

inagneming van koste, voordat volskaalse implementering oorweeg kan word. Die geraamde koste om net een treinstel met 14 waens met hierdie spesifieke fasiliteit toe te rus, beloop R500 000.

(vi) Verbeterde beligting is geïnstalleer en die trein is toegerus met batterye om noodbeligting in geval van 'n kragonderbreking te voorsien.

(vii) Ander stelsels soos vastetoestandelelektronika, kringbeskerming en aangepaste traksiemotors is ingesluit ten einde betroubaarheid te verhoog en onderhoud van die treinstel in sy geheel te verminder.

Die eerste volledige treinstel met 14 waens wat hierdie eienskappe insluit, is in Februarie 1993 in bedryf gestel. Die SASPK het aangedui dat meer treine teen 'n tempo van een per maand omgebou sal word. Die koste daaraan verbonde om een treinstel om te bou, is R2,5 miljoen.

(c) Die omheining van al 158 stasies in die Suid-Transvaalstreek sal teen Maart 1993 voltooi word. Die Komitee is meegedeel dat 131 stasies reeds omhein is. Die SASPK het egter beklemtoon dat heinings en ander eiendom moedswillig gevandaliseer word. Dit verydel pogings om veiligheid by stasies te verbeter. Baie van die nuut opgeknapte of

opgerigte heinings word herhaaldelik binne 24 uur gebreek. Dit is ongelukkig so dat pendelaars, tot hulle eie nadeel, sekere maatreëls wat vir hulle eie veiligheid geskep is, dwarsboom. Die plaaslike gemeenskap self moet 'n bewustheid bevorder van hierdie veiligheidsmaatreëls en van die noodsaaklikheid daarvan om dit in stand te hou.

- (d.) Die beplanning van sewe oorhoofse brûe om voorsiening te maak vir toegang vir die publiek aan teenoorstaande kante van die spoorweg, vorder goed. Dit sal nie-pendelaars van stasies weg hou.
- (e) Eksperimentele toegangsbeheerstelsels, wat met metaalverklikkers toegerus is, word tans vir evaluering by sekere stasies geïnstalleer. Nadat die evaluering gedoen is en indien die stelsel blyk doeltreffend te wees, sal dit, afhangende van die beskikbaarheid van kapitaalfondse, landswyd op 'n prioriteitsgrondslag geïnstalleer word.
- (f) Treine word steeds lukraak gestop én deursoek en dit blyk doeltreffend te wees in sekere gevalle waar gevaarlike wapens gekonfiskeer word. By sekere stasies word daar ook deursoekfasiliteite voorsien.

6.4 Die SASPK het egter beklemtoon dat baie van die voorgestelde verbeterings eksperimenteel van aard is en dat die finale implementering daarvan sal afhang van die doeltreffendheid en sukses van die verbeterings.

6.5 Gedurende die ondersoek is daar aantygings gemaak dat baie punte nog steeds nie genoegsaam deur kaartjiekontroleurs beman word nie. Daar was ook getuienis dat waarnemers sekere punte onbeman gevind het. Die SASPK se kaartjiebeheerstelsel is gekritiseer deur die regsverteenvoordiger van die ANC, COSATU en die SAKP en ook deur die regsverteenvoordiger van die KwaZulu-Regering en die IVP. Die verlies aan inkomste is beklemtoon. Die SASPK het die Komitee verseker dat daar gepoog word om te verseker dat alle pendelaars in besit van kaartjies is. Hulle het egter die probleme in dié verband beklemtoon. Die regsverteenvoordiger van die SASPK het beweer dat kaartjiebeheer nie noodwendig verband hou met geweld nie, aangesien aanvallers en skuldiges wat wapens die terrein binnebring, gewoonlik nie deur beheerpunte ingaan nie. Hulle kom die terrein deur gate in die veiligheidsheining binne. Die Komitee is daarvan verseker dat die verlies aan inkomste aandag geniet.

6.6 Die Komitee is verheug om op te merk dat die SASPK met die ondersoek saamgewerk het en ook dat hy 'n oënskynlik opregte begeerte getoon het om 'n veilige en doeltreffende diens te verskaf. Die Komitee betuig graag sy waardering hiervoor.

7. POLISIËRING EN ONDERSOEK VAN GEWELD OP TREINE

7.1 In sy tussentydse verslag het die Komitee melding gemaak van die kwessie van die ondersoek na treingeweld (paragraaf 12.7.4 van die verslag). Die Komitee het ook melding gemaak van nuwe maatreëls wat in daardie stadium deur die SAP ingevoer is. Die maatreëls sluit die stigting van 'n Sentrale Koördineringsentrum in. Die Sentrum ontvang alle inligting in verband met treingeweld. Hierdie inligting word gerekenariseer, ontleed, versprei en onmiddellik deurgestuur na alle betrokke eenhede. Die doel daarvan is onder andere om dit vir die ondersoekspanne moontlik te maak om sou gou moontlik op die toneel te wees. Getuienis wat gedurende die huidige sessie voorgelê is, het 'n aantal tekortkominge in die stelsel aan die lig gebring. Die SAP het verdere maatreëls ingevoer om die stelsel te verbeter as gevolg van bedenkinge wat deur die Komitee uitgespreek is. Gebeure het egter getoon dat die stelsel nog steeds nie sonder probleme is nie. Gedurende 'n onlangse voorval op 3 November 1992 het mense wat in 'n trein van Kwesine-stasie gereis het, op pendelaars op die perron op Pilot-, Lindeni- en Katlehong-stasie geskiet en verskeie mense gedood of beseer. Die kommunikasiestelsel het onklaar geraak en die aanvallers kon hulle reis voortsit en het ontsnap. Daarbenewens is die aankoms van die ondersoekspanne op die toneel onverklaarbaar vertraag. (Hierdie gebeurtenis sal in 'n later stadium vollediger behandel word.) Die Komitee wil graag die belangrikheid

van toereikende kommunikasie en spoedige reaksie op sodanige gebeure beklemtoon. Elke moontlike stap moet gedoen word om enige onderbreking van kommunikasie te voorkom.

7.2 Sedert die tussentydse verslag het sigbare polisiëring op treine en spoorwegpersele verbeter. Die SAP het 'n bykomende 1 100 lede wat deur die SAW bygestaan word, ontplooi om treingeweld te bekamp. Hulle het bedryfsentra te Johannesburg-, New Canada-, Evaton- en Vereeniging-stasie gestig. Sigbare polisiëring vind vanuit hierdie sentra plaas. Dit bly egter steeds onmoontlik vir die polisie om orals op dieselfde tyd te wees, veral gedurende spitstye, wanneer aanvalle gewoonlik voorkom.

7.3 Die SAP het 11 misdaadondersoekspanne gestig om onder andere sake wat uit treingeweld voortspruit, te ondersoek. Daar bestaan koördinerings tussens al die betrokke eenhede. Daar is aangevoer dat spesiale ondersoekspanne vir die doel van die ondersoek na geweldsmisdade op treine gestig moet word. Volgens die polisiegetuïenis is dit nie prakties nie.

7.4 Getuïenis wat gedurende die eerste sessie aan die Komitee voorgelê is, het aangedui dat polisie-ondersoeke na treingeweld veel te wense oorgelaat het en dat dit gelei het tot die lae suksessyfer van inhegtenisnemings en vervolgings. In die lig hiervan het die Komitee die Prokureur-generaal van die Witwatersrand versoek om hierdie aspek te

ondersoek. Die Prokureur-generaal, mnr. K.P.C.O. von Lieres und Wilkau, SC, het goedgunstiglik 'n omvattende verslag aan die Komitee besorg. Hy deel die Komitee se besorgdheid en hy het die Komitee meegedeel dat daar tot op hede slegs twee sulke sake in die laer howe afgehandel is en dat vier in die Hooggeregshof hangende is. Slegs 4,29% van alle aangemelde voorvalle het tot suksesvolle vervolging gelei. Hy skryf die lae suksessyfer aan die volgende toe:

- 7.4.1 Vertraagde of uiters beperkte intelligensievermoë ten opsigte van misdaadinligtingsinsameling;
- 7.4.2 onvermoë aan die kant van die polisie om betyds en toereikend op te tree, wat veroorsaak word deur onvoldoende misdaadintelligensie vermoë;
- 7.4.3 intimidasie van potensiële getuies - hierdie aspek het ook gedurende die aanhoor van getuienis na vore gekom;
- 7.4.4 gebrek aan polisiemannekrag, gepaard met 'n persepsie van gebrek aan belangstelling om sukses te behaal;
- 7.4.5 ontoereikende bedrewenheid met en ervaring van sodanige ondersoeke;
- 7.4.6 gebrek aan gemeenskapsondersteuning en geloof en vertroue in die polisie.

Die Prokureur-generaal het besonderhede van elke ondersoek na treingeweld verskaf. Afgesien van die

probleme wat hierbo vermeld is, het hy geen ernstige onreëlmatighede gevind nie.

7.5 In hierdie verband moet daar egter gemeld word dat ten tyde van die ontvangs van die Prokureur-generaal se verslag die SAP reeds in aansienlike mate aandag geskenk het aan die sake wat in paragrawe 7.4.1, 7.4.2 en 7.4.4 genoem is. (Sien ook paragrawe 7.1, 7.2 en 7.3 van hierdie verslag.)

7.6 Die regsverteenvoerder van die ANC, COSATU en die SAKP het by die Komitee aangedring om te bevind dat die SAP in baie opsigte verkeerd is in sy benadering en houding ten opsigte van die stuiting en ondersoek van geweld op die treine. Hy het beweer dat die SAP, ten spyte van ons tussentydse verslag, nie 'n benadering tot die "hostelprobleem" beplan het of 'n strategie ten opsigte daarvan ontwikkel het nie en dat hulle dit eenvoudig ignoreer. Die regsverteenvoerder van die SAP het dit ten sterkste ontken. In die lig van die verwikkelde omstandighede waarin treingeweld gepleeg word, was dit nie vir die Komitee moontlik om steun te vind vir die bewering dat die polisie nie ernstig poog om 'n einde aan treingeweld te maak nie.

8. Die Prokureur-generaal het die volgende aanbevelings gemaak ten einde die situasie te verbeter:

- 8.1 Die skepping van aktiewe gemeenskapsbetrokkenheid. (Dit sal later behandel word).
- 8.2 Sigbare polisiëring moet aansienlik verbeter word. (Dit is sedertdien gedoen. Sien paragrawe 7.2 en 7.3.)
- 8.3 Beheer oor gevaarlike wapens moet verdere aandag geniet.
- 8.4 Beter opleiding van ondersoekbeamptes en verbeterde beheer en toesig oor hulle.
- 8.5. Samewerking van hospitale en ander inrigtings waar slagoffers behandel word, ten opsigte van die verskaffing van rekords rakende die beseerdes en oorledenes.
- 8.6 Die Prokureur-generaal het die Komitee voorts ingelig dat sy kantoor alles in sy vermoë doen om polisieondersoeke te bespoedig en te monitor, en instruksies in hierdie verband is reeds aan die betrokke senior aanklaers onder sy jurisdiksie gegee.
- 8.7 Die regsverteenwoordiger van die SAP het die Komitee meegedeel dat die SAP, sedert die Prokureur-generaal se verslag, daardwerklike stappe binne sy vermoë gedoen het om polisiëring op treine en beheer oor gevaarlike wapens te verbeter. Die opleiding van ondersoekbeamptes het ook aandag geniet en beter opleiding is ingevoer. Die SAP se reaksie op die Prokureur-generaal se verslag in hierdie verband word verwelkom.
- 8.8 Die regsverteenwoordiger van die SAP het beweer dat die polisie nie vir die lae suksessyfer verantwoordelik is nie. Die oorsaak is 'n gebrek aan samewerking van die

publiek. Daar is beweer dat politieke organisasies met opset die indruk skep dat die SAP verantwoordelik is vir die lae suksessyfer ten opsigte van misdade. Die SAP het beweer dat dit tyd is vir organisasies soos die ANC en Inkatha om die herstel van geloof en vertroue in die SAP aktief na te streef. Om aan te voer dat die polisie eers moet bewys dat hulle ernstig poog om die vertroue van die ~~breë~~ gemeenskap deur suksesvolle misdaadvoorkoming te verwerf, is nutteloos aangesien die polisie nie sonder die gemeenskap se ondersteuning sukses kan behaal nie.

8.9 Die SAP het toegegee dat ondersoeke nie altyd bevredigend uitgevoer word nie en dat toesighouding oor ondersoekbeamptes nie altyd is wat dit moet wees nie. Waar sulke probleme onder die aandag van senior beamptes gebring word, word daar teen sodanige beamptes opgetree.

9. GETUIENIS OOR GEWELD WAT DEUR INWONERS VAN DIE NANCEFIELD-HOSTEL GEPLEEG IS

9.1 'n Voormalige inwoner van die Nancefield-hostel het as 01 in camera getuig. Hy was 'n betaalde polisie-informant wat inligting oor onwettige besit van wapens in die hostel verskaf het. As gevolg van hierdie inligting het die polisie van die wapens in die hostel gevind. Hierdie wapens kon nie met 'n bepaalde persoon of oortredings in verband gebring word nie. Volgens die polisie was die situasie gedurende deursoeking altyd baie plofbaar en moes

dit met gewapende begeleiding uitgevoer word. 01 het ook vertel van vergaderings in die hostel waartydens IVP-leiers na bewering 'n beroep op die inwoners van die hostel gedoen het om lede van die ANC aan te val. 01 het ook gesê dat aanvalle op treine in die Nancefield-hostel beplan is. Sy getuienis in hierdie verband is ernstig gekritiseer deur die regsverteenvoerder van die KwaZulu-~~Regering~~ en die IVP. Die Komitee is huiwerig om sy getuienis te aanvaar ten opsigte van sekere besonderhede oor wat na bewering by sulke vergaderings gebeur het. Aanvalle het in Junie 1991 en Oktober 1991 by onderskeidelik die Kliptown- en die Nancefield-stasie plaasgevind. Die aanvalle was daarop gemik om die moord op hostelbewoners deur, na bewering, die dorpsinwoners te wreek. 01 was deel van die groep wat in Oktober 1991 vir die moorde verantwoordelik was. Volgens hom het hy nie deelgeneem nie, maar net saamgegaan ten einde hom in staat te stel om inligting oor die moordenaars te verskaf. 'n Aantal mense is in verband met hierdie gebeurtenis in hegtenis geneem, maar is vrygelaat as gevolg van gebrek aan getuies wat hulle kon identifiseer. Die Prokureur-generaal het daarna opdrag gegee dat 'n ondersoek gehou word. Die polisie het 01 as 'n informant beskou wat nie as getuie geroep kan word nie. Die regsverteenvoerder van die ANC, COSATU en die SAKP het aan die hand gedoen dat 01 'n betroubare getuie is wat altyd bereid is om teen die verdagtes te getuig. Hy het beweer dat die wyse waarop die polisie

gereageer het op die inligting van 01 die opvatting versterk dat daar 'n gebrek aan motivering by sekere lede van die SAP is om teen geweldplegers op treine op te tree.

9.2 Die regsverteenvoerder van die SAP het nie saamgestem met hierdie beoordeling van 01 se getuienis nie. Hy het nie saamgestem met 01 se getuienis dat hy altyd bereid is om te getuig nie. Hy het daarop gewys dat 01 se motief te alle tye was om inligting vir beloning te verskaf. Die regsverteenvoerder het die Komitee gewys op 01 se getuienis onder kruisondervraging en die getuienis van die polisiebeamptes wat 01 se bewerings betwis het. As gevolg van 01 se getuienis dat hy bereid is om te getuig teen die verdagtes wat in verband met die moorde in Junie 1991 in hegtenis geneem is, het die Prokureur-generaal sy besluit heroorweeg. Hy het egter weer opdrag gegee dat die ondersoek gehou moet word.

9.3 Die Komitee het die voorleggings en die getuienis wat aangebied is met betrekking tot 01 se bewerings oorweeg. Die Komitee is oortuig daarvan dat 01 se getuienis oor die konflik tussen hostelbewoners en diegene wat hulle as lede van die ANC beskou het, betroubaar is. Die Komitee beskou 01 se getuienis oor die wapens in besit van hostelbewoners en die wapens wat deur die polisie in beslag geneem is, as geloofwaardig. Die getuienis oor die aanvalle op Nancefield- en Kliptown-stasie is gestaaf deur werklike aanvalle daarna. Die getuienis van 01 is egter nie van so

'n aard dat die Komitee die bevinding kan maak wat deur die regsverteenwoordiger van die ANC, COSATU en die SAKP aan die hand gedoen is nie, naamlik dat 01 se getuienis in alle opsigte aanvaarbaar is of dat daar 'n gebrek aan motivering aan die kant van die SAP is om teen die geweldplegers op treine op te tree nie.

10. SPESIFIEKE GEWELDDADE WAT SEDERT DIE TUSSENTYDSE VERSLAG GEPLEEG IS

10.1 Die Komitee het verdere getuienis ontvang met betrekking tot gewelddadige voorvalle wat plaasgevind het nadat die tussentydse verslag vrygestel is. Die SAP het getuienis ingedien dat gedurende die tydperk van 28 Augustus 1992 tot 15 September 1992 107 mense in treingeweld gedood en 126 mense beseer is. Meer mense is ook gedurende Oktober en November 1992 gedood en beseer.

10.2 Die Komitee het getuienis ontvang dat 'n trein van Johannesburg op 15 Junie 1992 om ongeveer 18:15 by Daveyton-stasie gestop het. Toe die pendelaars afklim, het 'n groep van drie mense van buite die heining aan die kant van die stasie op hulle begin skiet, en sewe mense gedood en 22 beseer. Die aanvallers was te ver weg om te identifiseer. Na die aanval het hulle in die rigting van die snelweg verdwyn. Die getuie wat deur die ANC na vore gebring is, het gesê dat hy die voorval gerapporteer het aan die polisie wat op die toneel aangekom het. Hy het

die vlugtende groep aan hulle uitgewys, maar die polisie het geweier om dié groep te agtervolg en het aan hom gesê om die aanvallers self agterna te sit. Die geloofwaardigheid van hierdie getuie is egter in verskeie opsigte aangetas. Geen bevinding van onreëlmatige polisie-optrede kan in hierdie verband op dié getuienis gegrond word nie.

10.3-Op 3 November 1992 het 'n trein van Kwesine-stasie om 05:20 by Pilot-stasie gestop. Persone van binne die trein het op pendelaars op die perron geskiet. Drie mense is gedood. Die trein het vertrek en toe dit om 05:25 by Lindella gestop het, is daar weer skote op mense op die perron geskiet en is twee mense gedood. Die trein het vertrek en toe dit om 05:30 by Katlehong-stasie gestop het, is daar weer eens skote afgevuur en is twee mense gewond. Die trein het vertrek. Die aanvallers is nooit geïdentifiseer nie en het weggekom. Die voorvalle het gedurende spitstyd plaasgevind. Lede van die polisie was by al die stasies teenwoordig. Weens die chaos en verwarring wat gevolg het, was hulle nie in staat om doeltreffend op te tree nie. Hoewel hulle met tweerigtingradio's toegerus was, was hulle nie in staat om met die ander stasies in verbinding te tree nie; die radio's was buite werking of die bedieners daarvan kon dit nie gebruik nie. Die telefone was ook buite werking. Hierdie onderbreking van kommunikasie is 'n bron van groot kommer vir die Komitee. Dit is baie jammer dat sulke geriewe so swak in stand gehou en gebruik word.

10.4 Op 25 November 1992 om 06:16 het 'n groep van ongeveer 10 mense by Mlamlankunzi-stasie by 'n wit minibus uitgeklim. Hulle het die stasie deur 'n gat in die heining binnegegaan. Hulle was oënskynlik ongewapen en het die perron betree. Om 06:30 het 'n trein van Nancefield-stasie gestop. Daar was pendelaars op die perron toe die trein stop. Die groep het wapens uitgehaal. Hulle het voor die voet op die pendelaars begin skiet. Party aanvallers het die trein binnegegaan en diegene daarbinne aangeval. Daar was drie Springbok Patrol-wagte wat 'n gedeeltelik uitgebrande kaartjieskantoor op een perron bewaak het. Hulle het hulle na die toneel gehaas. Die aanvallers het deur die heining gevlug en verdwyn. Ses-en-dertig mense is gedurende die aanval beseer. Twee van hulle is later in die Baragwanath-hospitaal dood. Die sekuriteitswagte het donshael afgevuur. Twee van hulle het slegs waarskuwing-skote geskiet, maar een het beweer dat hy twee van die aanvallers dodelik gewond het. Volgens die getuienis en mediese rekords is niemand deur donshael beseer nie. 'n Getuie van 'n nabygeleë hostel het beweer dat hy 'n passasier was en dat 'n veiligheidswag hom in die nek geskiet het toe hy van die toneel af weggevlug het. Hy het beweer dat dokters haelgeweerkorrels uit sy nek verwyder het. Hy het beweer dat die wag wat hom geskiet het, nie die getuie was wat beweer het dat hy dit gedoen het nie. Ons kon nie die waarheid van enige van hierdie twee weergawes vasstel nie. Die getuienis by die ondersoek het egter vroeëre

bewerings dat Springbok Patrol-veiligheidswagte skote op pendelaars geskiet het, weerspreek.

10.4.1 Vier mense is in verband met die aanval in hegtenis geneem en aangekla. 'n Uitkenningsparade is gehou, maar die getuies kon hulle nie positief uitken nie. Die saak is toe weens 'n gebrek aan getuienis teruggetrek. Die mense wat in hegtenis geneem is, het aan verskillende etniese groepe behoort. Behalwe die lede van Springbok Patrol was daar in daardie stadium geen polisie by Mamlankunzi teenwoordig nie. Op daardie tydstip was die polisie betrokke by 'n intensiewe deursoeking van treine by New Canada-stasie. Volgens die getuienis was lede van die SAW in daardie stadium veronderstel om by Mamlankunzi te wees. Dit is deur die SAW self bevestig. Die lede van die SAW wat veronderstel was om by Mamlankunzi te wees, het egter in daardie stadium na 'n ander stasie beweeg. Die Komitee is nie in staat om enige bevinding ten opsigte van die identiteit van die aanvallers te maak nie. Die getuies het almal beweer dat hulle weens die manier waarop die aanval plaasgevind het en weens die verwarring nie in staat was om die aanvallers te identifiseer nie. Die polisie ondersoek steeds die saak.

10.5 Ons het getuienis van verskeie ander voorvalle van geweld op treine en stasies aangehoor. Die getuienis was egter

nie voldoende om die Komitee in staat te stel om enige definitiewe bevinding te maak nie. In 'n aantal gevalle is verdagtes in hegtenis geneem maar telkens weens gebrek aan getuienis weer vrygelaat.

10.6 Sedert die afsluiting van betoog is ons in kennis gestel van twee Hooggeregshof-skuldigbevindings ten opsigte van ~~treingeweld~~. 'n Beskuldigde, Xolani Mnguni, is ter dood veroordeel vir die moord op 'n pendelaar op 29 November 1991 op 'n trein tussen Doornfontein- en Johannesburg-stasie. 'n Beskuldigde, Abel Dlamini, is op 11 Maart 1993 tot tien jaar gevangenisstraf gevonniss vir poging tot moord en vir vuurwapenoortredings. Die aanval het op 'n trein tussen Kwesine- en Katlehong-stasie plaasgevind. Ten opsigte van hierdie veroordeling het regter Els opgemerk dat dit duidelik is dat die SAP alles in hulle vermoë gedoen het om die saak op te los.

10.6.1 Op 15 Maart 1993 het The Sowetan in die "Comment"-artikel soortgelyke kommentaar gelewer. Die redakteur het byvoorbeeld geskryf: "We are overjoyed, however, by the dramatic change in the situation. The death rate has dropped, from December last year, to an average of nine a month." Die artikel maak ook melding van die suksesvolle vervolging van Xolani Mnguni en sê voorts: "All credit must go to the police. The police's success is attributed to

their visible presence on trains and the establishment of a train co-ordinating centre. The police have also made progress in their detective work with 35 people arrested in connection with 82 cases of violence. While the ideal is to reduce the number of incidents and deaths to zero, we laud the police for their sterling efforts so far."

Die Komitee waardeer hierdie bemoedigende ontwikkelings en spreek die hoop uit dat die positiewe tendens sal voortduur.

11. SAKE WAT SPESIFIEK AANGERAAK IS IN BETOË DEUR REGSVERTEENWOORDIGERS

11.1 Die regsverteenwoordiger van die ANC, COSATU en die SAKP het aangevoer dat 'n moniteringsgroep wat streng beheer oor polisie- en sekuriteitsaangeleenthede moet verseker, geskep moet word. Daar is aan die hand gedoen dat so 'n groep met die Goldstone-kommissie en moontlik met lede van die Streekdispuutbeslegtingskomitee gekoppel moet word. Daar is verskillende maniere aan die hand gedoen waarop die Goldstone-kommissie so 'n groep moet beheer. Na die mening van die Komitee is dit egter die plig van die SAP om wet en orde te handhaaf - ook op treine. Dit is sekerlik nie die funksie van die Goldstone-kommissie om die SAP te polisieer nie. Dit sou onprakties wees en sou in elk geval buite sy opdrag val.

11.2 Die regsverteenwoordiger van die KwaZulu-Regering en die IVP het melding gemaak van 'n aantal moontlike verbeteringe van die veiligheidsmaatreëls wat deur die SASPK en die SAP ingevoer is. Hierdie aanbevelings is op rekord en die regsverteenwoordiger van die SASPK en die SAP het aangedui dat dit aandag sal geniet. Die regsverteenvoerder het ook sekere moniteringsfunksies wat deur die Komitee uitgeoefen moet word, voorgestel. Die Komitee is daarvan oortuig dat hierdie funksies buite sy opdrag val.

11.3 Die regsverteenvoerder van die SAP het die Komitee gewys op artikel 7 van die Wet op die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie, 1991 (Wet No. 139 van 1991). Hy het beweer dat die Kommissie en sy komitees sonder uitsondering meer aandag skenk aan stappe wat gedoen moet word ten einde openbare geweld en intimidasie te voorkom (artikel 7(1)(c)), en dat die ondersoek na die verskynsel en die aard en oorsake van en watter persone betrokke is by geweld en intimidasie (artikel 7(1)(a)) nie voldoende aandag geniet nie. Dit is nie korrek nie. Dit is ongelukkig waar dat in die soeke na die oorsake van geweld partye (ten spyte van aanmanings dat die ondersoeke nie adversatief moet wees nie en nie daarop gemik moet wees om fout te vind nie, maar hoofsaaklik oorsake moet vind) voortgaan om mekaar te beskuldig. Baie ondersoeke het gelei tot bevindings oor die oorsake van geweld. Ons verwys na die verskillende gepubliseerde bevindings ten

opsigte van die oorsake van geweld deur die Kommissie en sy komitees.

12. BEVINDINGE

12.1 Die Komitee bevestig sy bevindinge in paragraaf 13.1 van die tussentydse verslag dat treingeweld nie losgemaak kan word van die voortslepende geweld in die swart dorpe nie.

12.2 Die politieke wedywing tussen die ANC en die IVP vir ondersteuning op grondvlak het gelei tot wantroue, onverdraagsaamheid en vyandigheid tussen hulle ondersteuners. Dit het op sy beurt gelei tot gewelddadige konfrontasie tussen hostelbewoners en dorpsinwoners. Hostelbewoners is hoofsaaklik Zulu-sprekend en word as IVP-ondersteuners beskou. Dorpsinwoners word as ondersteuners van die ANC of Xhosa-sprekendes beskou. Ons moet byvoeg dat daar geen getuienis is dat óf die ANC óf die IVP geweld as 'n beleid om hulle doelstellings te bereik, voorstaan nie. Ons weet dat bogenoemde oorsaak nie die enigste oorsaak is nie. Die ander oorsake is volledig behandel in die Tokoza-verslag gedateer 17 November 1992.

12.3 Daar is geen getuienis dat enige organisasie geweldpleging op treine aktief aanmoedig nie. Die Komitee kan ook nie vasstel of treingeweld gerig is op die bereiking van enige spesifieke politieke doel nie. Dit belemmer sonder twyfel die vredesproses.

12.4 Die Tussentydse Verslag van die Komitee het gemeld dat wanneer 'n groep aanvallers geïdentifiseer is, dit gewoonlik hostelbewoners was. Daar bestaan egter geen rede om te bevind dat hoofsaaklik hostelbewoners verantwoordelik was vir die aanvalle op pendelaars nie. Dit is duidelik dat aanvalle uit hostelle sowel as omringende dorpe ontstaan.

12.5 Daar word dikwels melding gemaak van die bestaan van 'n "derde mag" ten opsigte van treingeweld, veral in die media; sodanige mag sou dan sekere groepe aanval ten einde wraakaanvalle uit te lok. Die Komitee het aandag geskenk aan sulke bewerings en het inderdaad mense met tersaaklike inligting uitgenooi om na vore te kom. Daar was geen reaksie hierop nie. Daar moet egter beklemtoon word dat die Komitee geen getuienis ontvang het om 'n bevinding te regverdig dat geen sodanige aktiwiteite plaasgevind het nie.

12.6 Gedurende die ondersoek het dit duidelik geword dat dit moeilik is om inligting teen geweldplegers op treine in te samel. Daar is verskeie redes hiervoor, wat die volgende insluit:

(a) Die omstandighede waarin die aanvalle uitgevoer word

Aanvalle word gedurende spitstye uitgevoer. Daar is byvoorbeeld aangedui dat gedurende spitstye 2 000 tot 3 000 pendelaars deur die beheerpunte op Kwesine-stasie beweeg. Dit maak dit feitlik onmoontlik om pendelaars deeglik te deursoek. Die aanvalle word beplan en sonder waarskuwing uitgevoer. Die aanvalle word van stapel gestuur van sowel binne as buite spoorwegterreine. Aanvallers verkry toegang tot stasies deur gate wat in die heinings gemaak word; hulle kom die stasies maklik binne en meng met onskuldige pendelaars, wat die opsporing van hulle wapens feitlik onmoontlik maak. Die aanvalle gebeur vinnig en lei tot totale chaos. Die polisie, selfs wanneer hulle op die toneel teenwoordig is, word sodoende oneffektief gemaak. Dit word ook moeilik om aanvallers te identifiseer.

(b) Nie-beskikbaarheid van getuies

Potensiële getuies word onopspoorbaar of wanneer hulle geïdentifiseer word, is hulle onwillig om in die hof te getuig. Dit is dikwels as gevolg van vrees vir intimidasie of weerwraak. Hulle voel daar word nie voldoende beskerming vir dié wat gewillig is om te getuig, gegee nie. Die getuiebeskermingsprogram skei getuies gewoonlik

van hulle families. Die lae suksessyfer van vervolgings lei ook tot onwilligheid om te getuig as gevolg van moontlike wraakaanvalle deur diegene wat deur die howe vrygelaat word.

(c) Gebrek aan vertroue en geloof in die SAP

Daar is 'n groot gebrek aan vertroue en geloof in die SAP. Daar is baie oorsake vir hierdie ongelukkige situasie. Hierdie aspek is reeds in paragraaf 2.3.2 van die Tweede Tussentydse Verslag van die Goldstone-kommissie gedateer 29 April 1992 geïdentifiseer. Daar is ook hiervan melding gemaak in die Tokoza-verslag gedateer 17 November 1992 (paragrafe 65.2 - 65.3.3). Die SAP word steeds gesien as 'n instrument van onderdrukking wat 'n gemeenskap handhaaf wat verdeel is as gevolg van rassediskriminasie. Voorts word gevoel dat die SAP nie gemeenskapsgebaseer of -georiënteer is nie, en die SAP word deur baie Suid-Afrikaners nie as 'n regverdige, objektiewe of vriendelike instelling ervaar nie. Die feit dat verdagtes partykeer vrygelaat word, hoewel as gevolg van 'n gebrek aan getuienis, is ook 'n bydraende faktor.

Daar is aangevoer dat sommige organisasies hulle volgelinge ontmoedig om verklarings by die polisie af te lê. Daar is gesê dat dit die polisie ernstig belemmer in hulle ondersoeke en daartoe lei dat geregtigheid nie geskied nie. Hierdie aantygings is veral op die ANC gerig, wat

dit op sy beurt heftig ontken het. Die regsverteenvoorderiger het beweer dat die houding van die polisie teenoor getuies en klagtes hierdie situasie kon laat ontstaan het. Die Komitee is nie in 'n posisie geplaas om 'n bevinding na enige kant toe te maak nie; indien sulke aantygings egter gegrond is, versoek ons organisasies ernstig om hulle daarvan te weerhou. Die regsverteenvoorderiger van die SAP het 'n kopie van 'n dokument oor die herstruktureering van die SAP ingedien. 'n Verandering in styl van 'n reaktiewe benadering tot 'n ferm, proaktiewe benadering word breedvoerig daarin behandel. Die SAP erken ook dat 'n "widely recognised crime control route requires the purposeful commissioning of the South African Police to commit its members to community-supported policing which implies policing of, by and for the people". Volgens die dokument het die SAP hom daartoe verbind om oor die volgende drie tot vyf jaar hoofsaaklik op die volgende belangrike fasette te konsentreer:

- Totale onpartydigheid.
- Geen diskriminasie teen enige lid van die publiek op grond van ras, kleur, geloof of geslag nie.
- Hoflike optrede teenoor alle lede van die publiek.
- Geen polisiebeampte is bo die reg verhewe nie.
- In die handhawing van wet en orde moet die minimum geweld gebruik word.

- Die polisie is daar om die publiek te dien.
- Die Suid-Afrikaanse Polisie aanvaar die konsep van aanspreeklikheid teenoor die publiek wat hy dien, en van gemeenskapsondersteunde polisiëring.
- Professionele mannekragbenutting.
- Koste-effektiewe bestuurspraktyke.
- Die invoering van aanvaarbare metodes vir die bekamp-
ing van misdaad en geweldbestryding.

Ten einde hierdie beginsels in die praktyk te implementeer is dramatiese veranderinge deur die Bestuursraad van die Suid-Afrikaanse Polisie goedgekeur om sy doeltreffendheid te verhoog en om verhoudinge tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter.

Die SAP se polisiëringstyl is heroorweeg. 'n Vennootskap tussen die polisie en die algemene publiek, wat die polisie in staat stel om sosiologiese en kriminologiese tendense te antisipeer, word beoog. Aangeleenthede wat aandag sal geniet, is die volgende:

Wisselwerking tussen die SAP en die publiek.

Samewerking tussen die SAP en die publiek.

Gemeenskaplike identifisering van probleme en probleemgebiede.

Gesamentlike besluitneming.

Gesamentlike probleemoplossingstaktieke en -strategieë.

Die nuut gestigte Afdeling Gemeenskapsverhoudinge sal 'n

belangrike rol in hierdie verband speel. Daar dien gemeld te word dat daadwerklike stappe op grondvlak gedoen is met die oog op gemeenskapspolisiëring. Polisiestasies het saam met die breë gemeenskap en belangegroepe forums gestig om werklike polisiëringsbehoeftes te identifiseer en om dienooreenkomstig te polisieer.

12.7 Die roekelose vandalisering van veiligheidsheininge by spoorwegstasies deur sekere lede van die gemeenskap bied maklike toegang vir geweldplegers.

12.8 Die Komitee stem saam met die bevindinge deur die Tokoza-komitee in sy verslag gedateer 17 November 1992, oor die oorsake van geweld in die swart dorpe en ons gaan dit nie hier herhaal nie.

13. AANBEVELINGS

13.1 Die betrokke partye moet voortgaan met die implementering van die aanbevelings vervat in die Komitee se Tussentydse Verslag. In die lig van verdere verwikkelings in die Kommissie se ondersoek na hostelle beveel ons aan dat ons aanbeveling in daardie verband oorstaan.

13.2 Soos reeds getoon, is die geweld op treine onlosmaaklik verbind met die politieke geweld in die land. Daar kan dus geen afsonderlike benadering vir die oplossing van treingeweld bestaan nie. Die probleme wat deur politieke

wedywering en onverdraagsaamheid veroorsaak word, kan oor die algemeen slegs op 'n langtermyngrondslag hanteer word. Daar is geen kitsoplossings nie. Intussen moet pogings aangewend word om maniere te vind om die geweldsiklus te breek. Dit kan nie gedoen word sonder die aktiewe deelname van diegene wat by die geweld betrokke is nie. 'n Oplossing kan nie van buite af gevind word nie. Ons beveel dus aan dat die organisasies wat betrokke is, die mense op grondvlak moet opvoed ten opsigte van politieke verdraagsaamheid, wat noodsaaklik is vir vrye en regverdige deelname aan die politieke proses. Pogings moet ook aangewend word om hostelbewoners en dorpsinwoners in gesamentike forums te betrek ten einde 'n beter verstandhouding tussen hulle te skep en om hulle negatiewe persepsies van mekaar te hanteer.

13.3 Daar word aanbeveel dat die organisasies wat betrokke is, streng beheer oor hulle ondersteuners op grondvlak moet uitoefen. Onaanvaarbare gedrag ten opsigte van politieke aktiwiteite deur hulle ondersteuners moet gedissiplineer word.

13.4 Die SAP moet voortgaan om die kwessie van onwillige getuies te hanteer. Dit moet gedoen word deur te verseker dat sake behoorlik ondersoek word ten einde skuldigbevinding te verseker. Slagoffers van intimidasie moet so vermoontlik beskerm word. Beskermingsprogramme moet aan getuies verduidelik word.

13.5 Die gebrek aan vertroue en geloof in die SAP moet steeds dringende aandag geniet. Die hoofdoel van die nuut gestigte Afdeling Gemeenskapsverhoudinge van die SAP moet wees om die aanvaarding van die SAP deur die plaaslike gemeenskappe te verseker. Terselfdertyd moet die publiek daarvan bewus gemaak word en moet hulle aanvaar dat die ~~SAP~~ SAP daar is vir hulle beskerming en dat versuim om met die SAP saam te werk inderdaad die risiko sal verhoog dat geregtigheid nie sal geskied nie. Die argument dat die SAP hom eers moet bewys voordat die gemeenskap sal saamwerk, is teenproduktief en sal slegs die geweldsiklus, waarvan die gemeenskap altyd die slagoffers is, laat voortduur. Leiers en organisasies moet hulle ondersteuners hiervan bewus maak. Hulle moet hulle aanmoedig om deel te neem aan die nuwe forums en strukture wat tot hulle voordeel deur die SAP geskep is. In hierdie verband moet daar ook beklemtoon word dat die gemeenskap moet deelneem aan die vergaderings wat deur die Treinverdrag ingestel is.

13.6 Die SASPK en gemeenskapsleiers moet die pendelaars bewus maak van die feit dat veiligheidsheininge vir hulle beskerming opgerig word. Die gat wat hulle vandag maak om spoorwegreisgeld te ontduik, kan die gat wees waardeur hulle aanvallers hulle die volgende dag aanval en doodmaak.

14. SLOTSOM

14.1 Die Komitee bedank graag almal wat hom bygestaan het in sy taak. Ons wil veral ons waardering uitspreek vir die baie deeglike en nuttige voorleggings wat opgestel is deur die regsverteenwoordigers en diegene wat hulle bygestaan het.

14.2 Ons bedank ook graag die Prokureur-generaal van die Witwatersrand vir die nuttige verslag oor die kwessie van ondersoeke na treingeweld.

14.3 Die Komitee is ook dank verskuldig aan mnr. J.J. du Toit, wat 'n belangrike rol in die ondersoek gespeel het.